‘Sy speel nog, toe kry ons haar lyk’

Kinders kom in bosse af op meisie se oorskot

Wolfram Zwecker

‘Die een oomblik het sy nog hier buite gespeel en ’n dag later tel ons haar lyk in die bosse hier agter die huis op.”

Só het mnr. Mfaniseni Noyakhe, pa van Nasesi Gxaleka (5), gister gesê oor die moord op sy dogter. Hy en sy vrou, Landeka Gxaleka (26), het gistermiddag nog dié moord probeer verstaan.

“Sy het eergistermiddag hier buite gespeel. So 17:00 se kant het ons haar gesoek, maar daar was geen teken van haar nie,” het Noyakhe van Mahlambandlovurylaan in Slovo Park, *Springs, gistermiddag gesê.*

Bure en lede van die gemeenskap het vergeefs gehelp soek.

Teen 20:00 is die polisie se hulp ingeroep wat tot omstreeks 23:00 plakkershutte in die buurt deurgesoek het.

Eergisteroggend is die soektog voortgesit.

“Twee meisies het haar lyk hier agter in die bosse, so ’n kilometer van die huis, gekry. Haar nek was vol merke, maar ons weet nog nie presies of sy verkrag is nie,” het Noyakhe gesê.

Volgens kapt. Johannes Ramphora, polisiewoordvoerder in Springs, is ’n 43-jarige man aangekeer in verband met die moord. Hy gaan vanoggend in die hof in Springs verskyn.

Solidariteit Helpende Hand het gistermiddag in ’n verklaring hul kommer uitgespreek oor die veiligheid van kinders in veral minderbevoorregte gemeenskappe.

Volgens die verklaring is Nasesi se moord die vierde geval sedert Sondag waar kinders die slagoffers word van misdaad.

Dit volg kort ná die dood van Lazanne Farmer (14) in Elandspoort, Pretoria-Wes, wat uit ’n bewegende bakkie gespring het nadat sy en haar 16-jarige vriendin Sondagoggend ontvoer is.

Lazanne het uitgespring om van hul 28-jarige ontvoerder te ontsnap.

Sowat twee weke gelede is Bunele Precious Khumalo (9) van *Spruitview, suid van Alberton,* ook ontvoer, verkrag en met ’n byl doodgekap. Inwoners het die verdagte in dié saak se huis aan die brand gesteek.

Volgens mnr. Danie Langner, uitvoerende direkteur van Solidariteit Helpende Hand, is kinders in minderbevoorregte gemeenskappe in die algemeen meer blootgestel aan mishandeling, verwaarlosing en uitbuiting.

“Gewetenlose misdadigers teiken juis dié kinders omdat hul ouers nie toesig oor hul kinders kan bekostig of iemand om hulle te vervoer nie. Hoeveel kinders moet nog sterf voordat die regering optree teen kinderverkragtings en -ontvoerings?” wou Langner weet.